

Josua 5:2-12: Eerste dinge eerste

Ek wonder darem wat in die Israeliete se koppe aangegaan het toe hulle droogvoets deur die Jordaan gestap het. Onthou, hulle het 40 jaar lank in die woestyn rondgeswerf omdat hulle ouers, toe hulle die eerste keer, kort nadat hulle uit Egipte weg is en óók by Kanaän aangekom het, nie kans gesien het vir die taak om die beloofde land in besit te neem nie. Hulle het destyds viervoet vasgesteek en omgesit, terug na Egipte.

En nou is die Israeliete weer by die beloofde land. Om die waarheid te sê, hulle is nou ín die beloofde land. Uiteindelik het hulle aangekom by hulle bestemming. Ek veronderstel hulle het half 'n sug van verligting gesmaak, omdat hulle nie ook, soos hulle ouers voor hulle, koue voete gekry het op die rand van beloofde land nie. Dalk was daar van hulle wat ook maar bekommerd was, want harde werk het nog vir hulle gewag. Daar was oorloë wat geveg moes word, stede wat ingeneem moes word.

Maar ten minste is die wagtyd nou verby. Hulle was nou haastig om die land in te neem en hulle te vestig. Ek skat die manne het seker op dié stadium hulle wapens begin regkry vir die stryd en hulle gevegskuns opgeskerp vir die oorloë wat voorlê. Binnekort sal Josua seker aankondig dat hulle Jerigo gaan aanval, en dan sal hulle reg wees vir die geveg.

En toe roep Josua hulle ook bymekaar - maar nie vir 'n krygsberaad nie. Hy roep hulle bymekaar om aan te kondig dat al die mans besny moet word. In plaas van veg, moet hulle verwond word! En seer en weerloos word (lees gerus [Gen 34](#), die verhaal oor Dina, in hierdie verband!).

Is dít wat nou met hulle moet gebeur? Dat hulle, skaars 'n klipgooi van Jerigo af (omtrent 2 km!) almal op een slag besny moet word, weerloos moet word? As die mense van Jerigo dit uitvind, is hulle almal dood!

Hoekom beveel die Here dat hulle besny word?

- Die besnydenis was die teken dat hulle die Here se volk is. Voor hulle die

beloofde land van God kon ontvang, moes hulle eers opnuut hulle **verbondenheid** aan Hom bevestig; en moes hulle eers weer onmisverstaanbaar weet: ons behoort aan die Here. Hý regeer oor ons lewens.

- Dit was 'n daad van **gehoorsaamheid**. 'n Mens wonder hoekom Moses in al die jare in die woestyn toegelaat het dat die besnydenis in onbruik verval - maar dis 'n ander dag se boodskap. Maar dié stuk ontrou aan die Here se bevel moes reggestel word voordat hulle die beloofde land kon ontvang. Jy kan nie eiesinnig lewe en dan dink die Here gaan jou seën nie.
- Dit was ook 'n **geloofsdaad**. Al die weerbare mans was gelyk buite aksie terwyl hulle binne-in die gevaarsone was. Net God kon hulle bewaar in dié tyd, en deur die besnydenis het hulle hulle vertrouwe in God opnuut bely.

Net ná die besnydenis vier hulle saam die paasfees - waarin hulle die wonderlike verlossing uit Egipte gedenk het, en so nóg 'n keer daaraan herinner is dat die Here vir sy mense sorg; vir dié mense wat aan Hom getrou bly.

Israel kon nie die beloofde land ontvang voordat hulle hulle nie opnuut aan die Here toegewy het nie.

Dis eers in 'n innige, lewende verhouding met die Here dat hulle sy gawes kon geniet.

Daarom slyp hulle nie hulle wapens op die vooraand van die groot oorlog om besit van die land Kanaän nie (daarvoor sou daar later wel tyd wees). Nee, die eerste ding wat hulle doen, is om hulle toe te wy aan die Here deur die besnydenis en die paasfees.

Ek het 'n idee dis 'n les wat ons ook maar telkens weer moet leer: dat ons nie die gawes van die Here kan ontvang as ons nie aan Hom toegewy lewe nie. Jy spartel en spook om jou huwelik aanmekaar te hou, om jou geldsake te laat vlot, om jou kinders ordentlik groot te maak, om in vrede met jou kollegas of klasmaats of koshuismaats of bure te leef ... En hoe harder jy probeer, hoe minder slaag jy; dit wil maar net nie regkom nie, en jy raak moedeloos.

Die Here se oplossing lyk vir ons dalk agterstevoor, maar dit is hoe dit in God se wêreld werk: begin met jou verhouding met Hom. Wy jou aan Hom toe, dan kom die ander dinge ook reg. Dit het Hy vir Josua geleer, en dit staan soos 'n refrein

reg deur die Bybel:

- Ps 127:1,2 *As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.*
- Spr 10:22 *Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie.*
- Matt 6:31-33 *Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*
- 2 Kor 8:4-5 *Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.*

Dalk is daar in jou lewe ook groot uitdagings, en voel jy nie opgewasse vir alles wat op jou wag nie. Dalk het jy ook vanoggend behoefte aan die Here se sorg en seën; dat Hy opnuut sy Vaderhande om jou vou en jou lewe vir jou reël. Lydenstyd is juis die tyd in die jaar dat ons aan die voet van die kruis opnuut onself aan die Here kan wy.

Ons staan in Petrusburg ook voor 'n nuwe hoofstuk, en ek glo ons almal koester groot verwagtings oor wat vorentoe kan gebeur. Maar dalk voel julle ook, soos ek, klein voor die uitdagings wat wag. Daarom, glo ek, is dit gepas dat ons ons in hierdie dae opnuut na die Here draai; dat ons onself volledig afhanklik van Hom maak. Want Petrusburg-gemeente se toekoms lê nie in ons eie hande nie, en allermins in my hande. Dit is God wat seën bring en groei gee.